



Hoe die Sonde in die Wêreld gekom het

Toe God die hemel en die aarde geskape het, het Hy alles baie mooi en goed gemaak. En die eerste mense, Adam en Eva was baie gelukkig. Maar as ons vandag kyk, is daar soveel dinge wat *nie* meer mooi en goed is nie, en daar is baie mense wat so *ongelukkig* is.

Daar is *siektes* en *hartseer*, daar is woede en rusies. Daar is *selfsugtige* mense en *slegte* mense. Oral rondom ons is daar *oorloë* en *bakleierye*.

Wat gaan aan? Wat het met ons pragtige mooi aarde *gebeur*, en met die mense wat aan die begin so gelukkig was?

Sonde het in die wêreld ingekom. Sonde het die pragtige en wonderlike skepping van God *bederf*.

Hoe het die sonde dan in God se pragtige mooi skepping ingekom? Die Bybel vertel vir ons meer hiervan.

God het een baie *groot* en sterk vyand, die Satan. Satan is 'n *slegte* engel. Hy *haat* God en hy wil graag hê dat al die mense God moet haat, en Hom nie meer moet liefhê nie. Hy sal vir die mense selfs *leuens* oor God vertel!

Satan het gesien hoe God die pragtige aarde en die sterrehemel gemaak het. Hy het gesien hoe God vir Adam en Eva gemaak het, en ook dat hulle die wonderlikste van die hele skepping was. Satan het toe by homself gedink, "Ek wil hê dat Adam en Eva God moet haat, net soos *ek* vir God haat. Ek gaan sorg dat hulle God nie meer gaan liefhê en Hom sal gehoorsaam nie, en so sal ek die *hele* pragtige skepping *bederf*!"

Onthou jy dat God vir Adam en Eva 'n baie mooi tuin gegee het, waar hulle kon woon? Daar was allerhande soorte blomme en bome in die tuin. Daar was die mooiste voëls wat daar gesing het, en ook allerhande verskillende heerlike vrugte om van te eet.

God het Adam en Eva so *lief* gehad, en Hy wou graag hê dat hulle Hom ook sal liefhê. Hy wou graag hê dat hulle vir Hom sou *wys* dat hulle

Hom liefhet. Toe sê God vir Adam en Eva, "Van al die bome van die tuin mag jy vrylik eet, maar van die *een* boom, die boom van kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy *nie* eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik *sterwe*." As Adam en Eva dus vir God sou luister, en die boom sou uitlos en nie daarvan eet nie, dan sou hulle vir Hom *wys* dat hulle Hom liefhet.

Satan het alles gehoor wat God gesê het. En toe het hy met Eva gaan praat en vir haar gesê: "Julle sal verseker *nie* sterf as julle van daardie boom eet nie. Eintlik sal julle soos *God* word. Julle sal weet wat *reg* en *verkeerd* is."

Eva het vir Satan geluister. Sy het hom *geglo*. Sy het na die boom gekyk en gedink die vrugte lyk so heerlik om te eet. Sy het gedink oor wat Satan gesê het, dat sy soos *God* sal wees as sy van die boom eet. Sy het skoon vergeet dat sy *reeds* soos God was. God het mos vir Adam en Eva na *Sy Beeld* geskape, so wonderlik en goed. Maar Eva het daarvan vergeet. Sy het gedink sy gaan nog mooier en beter wees as sy wel van daardie vrugte eet.

Toe het sy van daardie vrugte gepluk en *geëet*. Sy het geëet van die vrugte waarvan God vir haar gesê dat sy dit *nie* mag eet nie. Sy het ook vir Adam gegee, en hy het ook geëet.

So het Adam en Eva vir Satan geluister. Hulle het gedoen wat Satan graag wou hê hulle moet doen. En hulle het gedoen wat *hulle* self graag wou doen, en nie wat *God* graag wou hê hulle moet doen nie.

Adam en Eva was *on gehoorsaam* aan God. Hulle het *sondaars* geword. In plaas van soos *God* te word, het hulle soos *Satan* geword. In plaas van God lief te hê, het hulle vir Hom begin *bang* geraak en selfs Hom begin *haat*.

O, wat 'n ongelukkige dag was dit nie! In Adam en Eva se harte was daar niks meer oor wat gelukkig was nie. En op daardie dag het al die *hartseer* en lelike dinge in hierdie wêreld begin.

Satan was so bly. Maar Adam en Eva was baie ongelukkig. En God was baie bedroef.

Gesels hieroor:

1. Wie is Satan?
2. Wat is sonde?
3. Het Adam en Eva God regtig liefgehad?

Die Bybel leer ons:

Die sonde is wetteloosheid.

(1 Johannes 3:4)

Wat ons kan lees:

Genesis 3:1-6

Kom ons sing hierdie lied:

*Here, sien my aan,
soos ek voor U kom staan,
Ek buig my voor U neer,
Ontferm U, Heer.
Want ek is, sondig en bevlek,
Deur Jesus's bloed bedek.
O, Hoor tog my gebed
En wil my red.*

Gebed:

Grote en heilige God, ons buig ons hoof omdat ons skaam is. Adam en Eva was U ongehoorsaam. Ook ons is dikwels ongehoorsaam. Here, vergewe ons asseblief, sodat ons weer naby U mag lewe. Ons wil U altyd liefhê, en gelukkig wees. Amen.

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*